

**Maandag 13 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 34:1-11**

**Fokusgedeelte: Psalm 34:2**

### **Ek sal die Here altyd prys**

**P**salm 34 is 'n persoonlike lied. Dit vertel van dinge wat die digter self ervaar het. Dit vertel hoe die Here hom in sy diepste nood gehelp het. Dit vertel hoe die Here sy gebed verhoor en hom verlos het.

Dit gaan waarskynlik oor die gebeure wat in 1 Samuel 21:10-15 beskrywe word, toe Dawid hom kranksinnig gehou het voor die Filistyne. Op grond van wat hy persoonlik ervaar het, sing hy nou 'n loflied tot eer van die Here.

Jy het waarskynlik persoonlike ervarings in jou lewe waar die Here jou in die donkerste tye van jou lewe bygestaan en uitgehelp het. As jy self ervaar het hoe die Here jou in jou swaarste swaar gehelp het, kan jy nie anders nie as om te sing: "Ek sal die Here altyd prys." Dan prys jy Hom in alle omstandighede – "in weelde en ongeluk" en "in voorspoed en in druk".

Ons glo dat Jesus Christus ons uit ons heel diepste nood, naamlik die nood weens ons sonde, uitgered en sy Gees aan ons gegee het om ons te troos en ewig by ons te bly. As jy dit met hart en siel glo, kan jy ook nie anders nie as om te sing: "Ek sal die Here altyd prys."

As ons hierdie lied sing, is dit goed vir ander. Die "ootmoediges" (dié wat klein is voor die Here) sal dit hoor en daarvoor bly wees. Dit gee moed aan dié wat swaarkry.

Kom ons sing almal hierdie lied. So leer ons mekaar Wie God is en wat Hy doen. So leer ons mekaar dat die Here ons beskerm. So leer ons mekaar om God se goedheid te ervaar. So leer ons mekaar dat die Here sorg vir dié wat selfs in die diepste nood Hom dien.

*Sing: Psalm 34-1:1, 2*

*Ds. JL van der Schyff (Jannie) (Welkom)*